NR. 10

15 MAART 2023

# MENLO-WEEKLIKS

Bly elke week op hoogte van ons Parkie-gebeure

## BOODSKAP VAN HOOF

### MNR. GERHARD PIETERSE

"If something was the best for the team, he (John Smit) put himself on the line and he drove it. It was never about himself"

Victor Matfield (Captains and coaches)

**Geagte Parkie–ouers en – personeel,**

Mag dit wees dat ons in ons vennootskap as die opvoeders(ouer en onderwysers) van ons kinders, net soos die voormalige Springbokkaptein, altyd sal streef na die groter prentjie. Dat dit wat ons doen, sal wees ter bevordering van ons skool ingeheel, dat dit sal gaan oor die span en nie oor die self nie. Die geheel behoort groter te wees as die som van die dele, gevolglik sal dit bevorderlik wees vir elke deeltjie - dus elke individu.

Geniet 'n welverdiende langnaweek, daarna 'n kort week en dan die skoolvakansie. Lees gerus die volledige inligting in die aangehegte Menlo-weekliks en vergewis uself van al die deelname en prestasies van die afgelope week. Kyk gerus ook na al die opwinding wat wag met die aanvang van die tweede kwartaal.

Ons plaas volgende week 'n video van al die hoogtepunte van kwartaal een as deel van ons 70ste bestaansjaar.

Geseënde week vir u.
Wees Fier!



# 'n Stukkie argief







# DAGBOEK


| | |
|---|---|
| | **WOENSDAG 15 MAART 2023** |
| 13:30 | Skaak: Groepsafrigting (gr. 1) |
| 13:30 | Skaak: Uitspele vir ligaspanne (gr. 2-7) |
| 13:30 | Juniorkoor: Oefening |
| 13:30 | Redenaars: Individuele oefening |
| 13:45 | Seniorkoor: Oefening |
| 14:30 | Netbal: Tshwane-proewe (o/12 en o/13) |
| 15:00 | Rugby: Oefening (o/9 en o/10) |
| 16:00 | Rugby: Oefening (o/11 en oopspanne) |
| | **DONDERDAG 16 MAART 2023** |
| 14:00 | Rugby en netbal: Vriendskaplike wedstryde te Skuilkrans (slegs B+C netbalspanne) |
| 14:00 | Netbal: Oefening (o/7 – 0/9) |
| 14:00 | Netbal: Oefening (o/10A – 0/13A) |
| | **VRYDAG 17 MAART 2023** |
| 14:00 | Gholf: Uitdunne |
| 13:30 | **GF: Vorderingsverslae na ouers** |
| | **MAANDAG 20 MAART 2023** |
| **SKOOLVAKANSIEDAG** | |
| | **DINSDAG 21 MAART 2023** |
| **MENSEREGTE DAG** | |
| | **WOENSDAG 22 MAART 2023** |
| 13:30 | Skaak: Groepsafrigting (gr. 1) |
| 13:30 | Skaak: Uitspele vir ligawedstryde (gr. 2-7) |
| 13:30 | Juniorkoor: GEEN OEFENING NIE |
| 13:45 | Seniorkoor: Oefening |
| 14:00 | GF: Oueraand |
| 15:00 | Rugby: Oefening (o/9 & o/10) |
| 16:00 | Rugby: Oefening (o/11 & oopspanne) |
| | **DONDERDAG 23 MAART 2023** |
| 08:00 | Atletiek: SA-kampioenskappe |
| 14:00 | Netbal: Oefening (o/7 – o/13) slegs tot 15:00 |
| 14:00 | Rugby: Oefening (o/11) |
| | **VRYDAG 24 MAART 2023** |
| 08:00 | Atletiek: SA-kampioenskappe |
| **10:00** | **SKOOL SLUIT** |
| **10:00** | **ISF: Vorderingsverslae na ouers** |

**VAKANSIE VAN 24 MAART 2023 TOT 11 APRIL 2023**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 24-28 Maart | Netbal | o/12 en o/13 | Menlo-toernooi |
| 25 Maart | Atletiek | | SA-Kampioenskappe |
| 27-29 Maart | Rugby | o/9 en o/10 | Prestige te Cornwall Hill College Pretoria |
| 28 Maart – 1 April | Rugby | o/11 – o/13 | Grey College |
| 3 April – 6 April | Hokkie | o/13A- Seuns en -dogters | Grey College |

# BOKSKAR INRY TEATER








**Bou jou eie bokskar en kom geniet 'n fliek by ons buitelug inryteater op die A-veld.**


## Donderdag 16 Maart

**17:30 vir 18:00**

**KAARTJIES: R120**
**SLUIT 'N FLIEK, POPCORN EN BUBBLE-TEE IN**










GOOD IS NO FUN AT ALL
DREAMWORKS
the BAD GUYS

**Program**

17:30 Hekke maak oop


18:00 Beoordeling van karre


Film begin sodra dit donker genoeg is.

**Reëlings**

- Hierdie is 'n fondsinsamelingsprojek. Ons vra asb. dat leerlinge die verkope van die hotdogs, pizza, lekkernye en drinkgoed sal ondersteun.
- Geen "gazebo" mag opgerig word nie.
- Ons moedig dit aan dat elke leerling hul eie kar bou. Indien leerlinge deel, moet dit 'n groot genoeg kar wees en by die bouriglyne hou.
- Niggies of nefies is welkom, maar hulle kan nie in aanmerking kom vir die pryse nie.
- Ouers neem sitplek in agter die leerlinge op hul eie kampstoele.

**Uitleg**




GRAAD 7'S BIED AAN:
SOCKS, CROCS
OF
FLIP FLOPS
DONDERDAG
23 MAART
crocs
crocs
crocs

#SkoolMetDie GROOTSTE GEES

WEES FIER
LAERSKOOL MENLOPARK

# GROOT "WARM" GEE

Maak leeg jou kas en vul iemand anders se hart.

Alle items, wat iemand hierdie winter kan warm hou, kan geskenk word.
Kom ons wys ons groot, warm Parkie harte.

**JASSE,BAADJIES, TRUIE, SERPE, KOUSE, LANGBROEKE EN KOMBERSE.**


**STUUR SWART SAKKE MET ITEMS NA U KIND SE VOOGONDERWYSER VOOR 30 MEI.**

70 wees fier!

GYS PITZER MOTORING TRADING QUALITY GUARANTEED

GROOTFM GAAN GROOT 90.5

# Die feesjaar winkel is oop!!




KLIEK HIER

# Eerste rondte bestellings sluit 24 Maart.

# REDENAARS

**ME. K. SMITH EN ME. I. VISSER**

Baie geluk aan die volgende kinders wat met trots oortuig het by die Super 12-kompetisie die afgelope naweek by Laerskool Elarduspark:

- Frans-Leigh Roberts
- Liané van Wyk
- Jean Muller
- Andreas de Vries
- Armand de Vries
- Leané Gerber

- **SPAN:** Daney Pienaar, Vené Eloff, Leané Gerber en Armand de Vries.

Liané van Wyk, en die span dring deur na die finale.
Liané eindig tweede in haar afdeling en die span eindig 5de.

**Menlopark eindig algeheel 8ste.**

Dankie juf. Imke, redenaars en elke ouer vir julle harde werk en ondersteuning.

Julle het Menlo se naam hoog gehou!



# RUITERSPORT

**ME. K. VENTER**

**SANESA Q1 UITSLAE**

11 – 12 Maart 2023

Agt van ons leerders, het op 11 en 12 Maart aan die SANESA by EATON FARM deelgeneem.

- Libby Pienaar (graad 7) het twee 1ste plekke en ‘n 8ste plek behaal.
- Minke Kruger (graad 7) het ‘n 1ste en ‘n 4de plek behaal.
- Nina Prinsloo (graad 7) het ‘n 1ste, 2de en ‘n 6de plek behaal.
- Cara Cilliers (graad 6) het ‘n 8ste plek behaal.
- James van Greunen ( graad 6) het ‘n  2de plek en drie 3de plekke behaal
- Kyla Minne  (graad 5) het ‘n 10de plek behaal
- Mieke Krynauw  (graad 5) het vier 1ste plekke behaal.
- Mignon Kruger (graad 5) het ‘n 5de plek  en ‘n 16de plek behaal.

Ons ruiters het bewys dat hulle hard gerunnik het in die arena!

Ons is baie trots op ons span en verwelkom graag ook ons 4 nuwe ruiters.



# SWEM

**ME. C. MULLER**

Menlo-Swemspan het Maandag, 6 Maart aan die A-liga Interskole Gala te Hillcrest deelgeneem. Daar was 10 skole wat deelgeneem het en alhoewel ons die kleinste skool daar was, het ons nie terug gestaan nie. Menlo het algehele die 9de plek behaal. Ons is trots op elke swemmer wat deelgeneem het. Dankie aan Juffrou Lianda en Coach Gideon wat die swemspan afgerig het.

**Hier volg die uitslae:**

Ben Janse van Rensburg: Silwer medalje vir o/9-rugslag
Marc Janse van Rensburg: Brons medalje vir o/11-vryslag

Stian Fourie: Silwer medalje vir o/12-rugslag

Chiarra Herselman: Brons medalje vir o/13-rugslag
Silwer medalje vir o/13-vryslag

Ruan Nieman: Silwer medalje vir o/13-vryslag
Silwer medaje vir o/11-13-IM
Goue medalje vir o/13-borsslag
'n Algehele 3de plek uit 212 seunswemmers

o/10 Aflosspan ontvang brons linte vir vryslagaflos: Jean Muller, Rudolf van Rooyen, Simon Slabbert, Carl-James van Rooyen

Dankie aan al ons swemmers wat Menlo hierdie swemseisoen verteenwoordig het en wat die koue oggend oefensessies trotseer het. Ons sien uit om julle in die vierde kwartaal weer te sien swem!

**Ons Super 12 gala is op 28 Oktober**.



# BERGFIETS

**ME. A. BESTER**

Ons skop ons bergfiets-seisoen af met 'n groot fees op die 15d**e Maart,** vanaf **15:30-16:30** by die **pump-track** oorkant Laerskool Menlopark.

Bring jou fiets, valhelm en waterbottel saam en kom kyk waaroor bergfiets gaan.

**Belangrike datums vir die eerste kwartaal:**

- 8 Maart -Opedag vir bergfiets (15:30-16:30)
- 15 Maart-Oefening
- 22 Maart-Oefening
- 11 April-Massa oefening (Inligting sal deurgegee word.)
- 12 April-Oefening
- 26 April-Oefening
- 3 Mei -Oefening

**Gauteng Noord skolereeks 2023 (XCO) datums:**

- 6 Mei-Prime View Estate
- 17 Junie-Grootfontein
- 19 Augustus-Cowhouse
- 2 September-Prime View Estate
- 9 September-TBC
- 16 September-TBC

Indien u kind aan bergfiets wil deelneem in 2023 is u welkom om op die skakel te druk.

# PARKIES PRESTEER BUITE SKOOLVERBAND

Carsten Bosman (Gr7) het die naweek van 2 en 3 Maart, aan die SA Regional Age Group Champs (NTS) Swem Kampioenskappe deelgeneem.

Hy was 5de in die 50m & 100m Borsslag en het `n 3de plek behaal in die 200m Borsslag, en sy tyd met 11.56 sekondes verbeter

Hy het saam met sy span, Silwer medaljes vir die volgende items ontvang:

4 x 50m Medley Gemengde Aflos,

4 x 50m Medley Seuns  Aflos ,

4 x 100m Seuns Vrysslag Aflos,

4x 100m Medley Vryslag aflos



Vir plasings: epos menloweekliks@menlolaer.co.za

Menlo
360

Terugvoering: Menlo 360 (kwartaal 1).

Daar het 30 seuns ingekryf vir die individuele afrigting sessies. Daar was in totaal 24 ure per week, een-tot-een, krieket afgerig. Ons weet sommer dat die tweede kwartaal 'n groter sukses gaan wees.

**Ons wil graag ook in die tweede kwartaal met hokkie afskop.**

Hiermee inligting vir die tweede kwartaal 2023:

**Krieket**

Individuele afrigting: kostes per kwartaal:
- R 2 475 vir een uur sessie per week, vir 9 weke
- R 1 350 vir een halfuur sessie per week, vir 9 weke

Groepafrigting per kwartaal: R 450
- Groepafrigting vir gr. R vind op Donderdae 11:00 tot 12:00 plaas.

- Afrigters: Ons huidige buite-afrigters wat 'n 2022 krieketspanne afgerig het.
    - Mnr. SJ de Klerk
    - Mnr. Dihan Bekker

**Hokkie**

Kleingroep afrigting (3 tot 6 spelers)
- R 1 125 vir een uur sessie per week, vir 9 weke

    - o/9 – Dinsdae 15:30 tot 16:30
    - o/10 – Dinsdae 16:30 tot 17:30
    - o/11 – Woensdae 14:00 tot 15:00
    - o/12 – Woensdae 15:00 tot 16:00
    - o/13 – Woensdae 16:00 tot 17:00

Afrigters gaan deurlopend ge-evalueer word en op gereelde basis kursusse bywoon.
Aan die einde van elke kwartaal, na afloop van die assessering, sal terugvoer aan die ouers gegee word.

Afrigting begin die tweede week van die tweede kwartaal. Besprekings kan gedoen word deur Mnr. Theo van Heese by sport@menlolaer.co.za te kontak.

Groete
Mnr. Theo van Heese
Bestuurshoof: Sport



# "HAAI" DAAR!

BY PARKIELAND WORD ONS SO SLIM!

ONS LEER VAN VISSE DIE WEEK.

HOEKOM HET VISSE SKUBBE? HOE HAAL VISSE ASEM? KAN 'N VIS IN VUIL WATER LEEF? LÊ VISSE EIERS?

"Spat in die bad, spat in die bad, net soos 'n vis in die water, kleine mater!"

"Daar is vissies in die water, kyk hoe swem hul rond."

WEES FIER
LAERSKOOL MENLOPARK

# MENLO ADS

Vir plasings e-pos
menloweekliks@menlolaer.co.za



# Vocal Coaching

## A STAR ISN'T BORN, BUT MADE!

AUDITIONS OPEN FOR 2023





WWW.XJ-STUDIO.COM
XANDER@XJ-STUDIO.COM
083 568 1167

THE MEATSMITH

EST. 2019

# YOUR FAVOURITE BUTCHER SHOP






queenswood@themeatsmith.co.za

QUEENSWOOD
QUARTER

012 111 8318
1184-1186 Whittle Ln,
Queenswood,
Pretoria, 0186

# MTB SKILLS



## Registration from 07:30

| ALL GIRLS CLINIC | PRIMARY SCHOOL CLINIC | HIGH SCHOOL CLINIC |
|---|---|---|
| 25 March | 27, 28 & 29 March | 30 March |
| 08h00-11h00 | 08h00-11h00 | 08h00-11h00 |
| R250 p/p | R250 p/p per day or R650 for all 3 days. | R250 p/p |

Monument Park Tennis Grounds
53 Elephant Rd Pretoria 0105

Contact: Nicholas Delport 0827713845 (WhatsApp) nicholas.velocity@gmail.com

Park will be open to ride after session.

Tutor Connection

# BEGIN VANDAG MET EKSTRA KLAS

Ekstra Rekeningkunde, Wiskunde, Fisiese Wetenskapklasse en NOG MEER!

**KONTAK INFO@TUTORCONNECTION.CO.ZA VIR MEER INLIGTING**


PASSIESPEL 2023
Kom "sien" die evangelie
21-23 MAART | 18:00
LYNNWOODRIF OUDITORIUM
269 LANCIA STRAAT
Gratis toegang
KITSKOS SAL ELKE AAND VANAF 17:00 TE KOOP WEES
NAVRAE 082 904 3388
Kom na My toe
LYNNWOODRIF GEMEENTE
DONASIES WELKOM


KUMON
WISKUNDE ENGELS
Wiskunde Engels Sukses
spesiale aanbod
FEB
Gee jou kind 'n voorsprong
Afslag op jou inskrywingsfooi in Februarie
Menlo Park Kumon – Sarina 083 675 4321

# NEW SWIM SCHOOL

## OPEN IN MENLO PARK

### GET IN TOUCH!

**069 902 5632**

helpme@schwem.co.za

**28 Seventeenth Street, Menlo Park**

SCHWEM

-SWIM SCHOOL-




SLEGS R 100 ELK

# DIE BESTE NETBAL SAKKIES OP DIE RAKKIES

Grootte: 18 x 23cm

## R 100 per sakkie

**Perfek vir skeidsregters, afrigters en spelers**

Kan in skoolspesifieke kleure ook gedoen word.




Bestel nou:
Martie - 083 417 3341
Saartjie - 082 229 6936


NETBAL EK
EK NETBAL EK
NETBAL EK
EK NETBAL EK
NETBAL EK
NETBAL EK